Ek is... Poortbode

09 Augustus 2020

Efesiërs 1:23
"Die kerk is Sy liggaam, die volheid van Hom, wat alles in almal vervul."

Prediker: Ds. Johan de Wet

Teks: Gen. 45: 1 - 8

Tema: Die Heilige Gees: God se plan van redding.

1. VERJAARSDAE: Baie geluk aan elke lidmaat wat vanaf 9 - 15 Augustus verjaar. Mag dit 'n wonderlike en geseënde nuwe lewensjaar wees.

2. GEBEDSVERSOEKE: Ons bid vir elkeen van ons lidmate wat siek is, tuis aan die herstel is, bekommerd, eensaam of hartseer is. Mag julle intens bewus wees van ons Vader se liefde en genade.

a. Vidi Engelbrecht word Woensdag in Midrand Medikliniek geopereer.

b. Oom George Richter ondergaan Woensdag 'n heupvervanging in Brits Medikliniek.

c. Jan en Ansie Swartz: Jan se skoonsuster is Saterdagoggend oorlede.

3. PASTORALE BESOEKE:

Indien jy besoek van een van ons predikante verlang, is jy baie welkom om hulle op hul selfone vir 'n afspraak te skakel.

4. EREDIENS 16 Augustus 2020:

Bespreek asseblief voor Saterdag 10:00 by 079 653 3357 om die 9:00 of 10:30 diens by te woon. Ons kom al die Covid-regulasies na. *Môre se 9:00-erediens sal sodra dit geredigeer is, per whatsapp uitgestuur word.*

5. NUWE LIDMATE:

Nuwe lidmate is welkom om die lidmaatskapvorm op ons webwerf:

www.hartiesng.org

af te laai, in te vul en aan Angie te stuur by:

kantoor@harties ng.org

of jy kan ook die vorm by haar aanvra.

6. FOTO'S VAN ELKE LIDMAAT:

Om ons lidmaatregister op te dateer, benodig ons 'n gesigsfoto (sommer met jou selfoon geneem) van elke lidmaat asseblief. Jy kan die foto gerus na: **komm@hartiesng.org** stuur, asseblief. Onthou net om jou doopnaam en van by die foto te plaas, asseblief.

Dankie aan elkeen wat reeds op dié versoek reageer het.

7. DANVILLE:

Baie dankie aan elke lidmaat wat steeds help dat ons 60 gesinne van ‘n kospakkie kan voorsien. Bydraes kan per EFT gedoen word, met net duidelik as verwysing: **Danville.**

8. SOSIALE MEDIA:

Like us on Facebook

Besoek gerus ons FB-blaaie:
Harties NG Kerk en
Harties NG Jeug

9. KOLLEKTE/DANKOFFERS:

Ons het tans eredienste met beperkte getalle. Indien jy egter op “Youtube” na die diens kyk en steeds graag jou kollekte of dankoffer wil bydra, kan dit of elektronies oorgedra word of met Zapper gedoen word. Baie dankie - elke bydrae help om ons maandelikse uitgawes te kan dek.

EFT

NG Kerk Hartbeespoort
ABSA
Reknr: 0640 580 364
Takkode: 334-146
Verwysing: dankoffer

Zapper

Die gerieflike, veilige manier om jou maandelikse en/of weeklikse bydrae te doen. Laai die “zapper-app” op jou selfoon en skandeer net die kode hiernaas om die bydrae te maak.

10. HEILSMUUR:

Op pad saam met Job:

God tref nie onderskeid nie.

Ons reken soms dat die lewe onregverdig is. Goddeloses ervaar voorspoed en regverdiges teëspoed. (Job 21:30)

Met die dag van die Here sal die regverdiges beloon word en die goddeloses gestraf word. Job het die aanslae en beproewings trotseer... God het sy geloof en volharding raakgesien.

Job 42:12. "Die Here het die laaste deel van Job se lewe voorspoediger gemaak as die eerste..." Bly volhard soos atlete!

Here U ken die gesindheid van die mens. Sterk ons in die geloof, sodat ons die eindstreep met volharding kan bereik.

AMEN.